Les 4

**15 - 21 April*

Sosiale verhoudings



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:
I Petrus 2:13–23; I Petrus 3:1–7; I Korintiërs 7:12–16; Galasiërs 3:27, 28; Handelinge 5:27–32; Levitikus 9:18.

Geheueteks:
"Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek" *(I Petrus 4:8).*

Petrus se brief spreek ook 'n paar van die moeilike sosiale vraagstukke van sy tyd reguit aan. Byvoorbeeld, hoe behoort Christene teenoor 'n onderdrukkende en korrupte regering op te tree soos wat die meeste van hulle ondervind het in daardie tyd onder die heidense Romeinse heerskappy? Wat het Petrus vir sy lesers aanbeveel, en wat beteken sy woorde vir ons vandag? Hoe behoort Christenslawe te reageer wanneer hulle eienaars hulle hard en onregverdig behandel? Alhoewel die moderne werkgewer-werknemerverhoudings verskil van die eerste eeu se eienaar-slaafverhoudings, sal wat Petrus sê ongetwyfeld aanklank vind by hulle wat met onredelike base te doen het. Dis interessant dat Petrus na Jesus se optrede as voorbeeld verwys, hoe Hy op slegte behandeling gereageer het en hoe Christene hulleself behoort te handhaaf wanneer hulle gekonfronteer word met soortgelyke behandeling *(I Pet. 2:21–24).* Hoe behoort getroude mans en vrouens teenoor mekaar op te tree, veral wanneer hulle oor grondliggende sake soos die godsdienstige geloof, verskil?

Laastens, hoe behoort Christene op te tree wanneer die sosiale en/of politieke bestelling korrup is en Christelike geloofsoortuigings teenwerk?

**Bestudeer hierdie week se as voorbereiding vir Sabbat 22 April.*

Sondag

16 April

Kerk en Staat

Alhoewel die Bybel lank gelede geskryf was, word kwessies wat vandag nog van toepassing is, aangeraak, soos die verhouding tussen Christene en hulle regerings. In party gevalle is die eindresultaat vanselfsprekend. Openbaring 13 praat van 'n tyd wanneer gehoorsaamheid aan politieke magte ongehoorsaamheid aan God sal beteken. In so 'n geval is ons keuse duidelik. *(Sien Donderdag se studie.)*

Lees I Petrus 2:13–17. Wat sê die Woord hier oor hoe ons oor die algemeen teenoor die regering moet optree?

Die booshede van die Romeinse Ryk was welbekend aan hulle wat binne sy grense gewoon het. Die beheer was deur die eiesinnige wil van ambisieuse manne met genadelose militêre mag en krag toegepas. Enige teenstand was met geweld beantwoord. Sistematiese marteling en die dood deur kruisiging was net twee van die gruweldade wat diegene te beurt geval het wat gestraf was. Die Romeinse regering was deurtrek deur nepotisme en korrupsie. Die heersende adel het met arrogansie en genadeloosheid hulle mag uitgeoefen. Ten spyte hiervan dring Petrus by sy lesers aan om die gesag van elke menslike instansie in die ryk te aanvaar, vanaf die keiser tot die goewerneur *(I Pet. 2:13, 14)*. Petrus redeneer dat keisers en goewerneurs diegene straf wat verkeerd doen, en diegene prys wat reg doen *(I Pet. 2:14)*. Daardeur speel hulle 'n belangrike rol om die gemeenskap op te bou. Feit is, met al sy foute, het die Romeinse Ryk stabiliteit voorsien. Dit het oorloë laat ophou en sodoende vrede bewerkstellig. Die streng maatreëls wat toegepas was, was nietemin op die riglyne van die wet gebaseer. Paaie was gebou en 'n monetêre stelsel gevestig om in die regering se militêre behoeftes te voorsien. Sodoende het Rome 'n omgewing geskep wat die bevolking in staat gestel het om te groei en, in baie gevalle, te floreer. In hierdie lig gesien, maak Petrus se aanmerkings oor regeringsake goeie sin. Geen regering is volmaak nie, en definitief nie die een waaraan Petrus en die kerk aan wie hy geskryf het, gehoorsaam moes wees nie. Wat ons dus hieruit kan leer, is dat Christene moet poog om goeie burgers te wees, en wat die wet van die land so ver as moontlik gehoorsaam moet wees, selfs al is die regering alles behalwe volmaak.

Hoekom is dit belangrik vir Christene om so ver as moontlik goeie burgers te wees, selfs wanneer politiese situasies veel te wense oorlaat? Wat kan jy doen om jou gemeenskap te verbeter, selfs op 'n klein skaal?

Maandag

17 April

Gesagvoerders en slawe

Lees I Petrus 2:18–23. Hoe verstaan ons huidiglik die ingewikkelde besonderhede van hierdie verse? Watter beginsel kan ons vir onsself daaruit neem?

As ons I Petrus 2:18–23 versigtig lees, ontdek ons dat in plaas daarvan dat dit lyk of Petrus slawerny goedpraat, die verse eintlik geestelike raad gee oor hoe om moeilike omstandighede te hanteer wat, op 'n gegewe oomblik, nie verander kan word nie. Die woord wat as "dienskneg" in I Petrus 2:18 vertaal word, "oiketes", word spesifiek gebruik vir huisslawe. Die meer algemene woord vir slaaf, "doulos", word in Efésiërs 6:5 gebruik, 'n skrifgedeelte wat soortgelyke raad aan slawe gee. In die klasseverdeelde Romeinse Ryk was slawe as 'n wetlike eiendom beskou wat onder streng beheer van sy eienaar was, wat die slaaf of goed of wreed kon behandel het. Slawe het uit verskeie oorde gekom: krygsgevangenes, kinders van slawe, of diegene wat "verkoop" was om hulle skuld te betaal. Party slawe het groot verantwoordelikhede gedra en het die groot landgoedere van hulle eienaars bestuur. Ander het hulle eienaar se eiendom en besigheidsbelangstellings bestuur, en party het selfs hulle eienaars se kinders akademies onderrig. 'n Slaaf se vryheid kon gekoop word. Dan was die slaaf as "losgekoop" gesien. Paulus gebruik hierdie taal om te beskryf wat Jesus vir ons gedoen het *(Efés. 1:7, Rom. 3:24, Kol. 1:14, I Pet. 1:18, 19)*.

Dit is belangrik om te onthou dat 'n aantal van die vroeë Christene slawe was. Hulle het hulle dus in 'n sisteem bevind wat nie verander kon word nie. Hierdie minderbevoorregtes wat harde en onredelike base gehad het, het hulle in besondere moeilike situasies bevind; selfs hulle wat beter base gehad het, kon ook moeilike situasies ondervind het. Petrus se instruksies aan alle Christene wat slawe was, stem ooreen met ander skrywers wat hieroor in die Nuwe Testament skryf. Hulle behoort onderdanig te wees en maar te verduur, net soos Christus onderdanig was en verduur het *(I Pet. 2:18–20)*. Daar is geen toegewing vir hulle wat straf verduur omdat hulle verkeerd gedoen het nie. Nee, die regte gesindheid soos wat Christus gehad het, word geopenbaar wanneer hulle onregverdiglik ly. Net soos Jesus moet Christene in sulke tye nie aggressief reageer nie, nie dreig nie, maar hulleself aan God toevertrou wat regverdiglik sal oordeel *(I Pet. 2:23)*.

Watter praktiese toepassings kan ons maak uit wat Petrus hier geskryf het? Beteken dit dan dat ons nooit moet opstaan vir ons regte nie? Bring jou antwoord na die klas toe Sabbat.

Dinsdag

18 April

Vroue en hulle huweliksmaats

Lees I Petrus 3:1–7. Watter spesiale omstandigheid word hier deur Petrus aangespreek? Hoe is wat hier gesê word van toepassing op huwelike in ons samelewing vandag?

Daar is een belangrike leidraad in die teksvers wat die versigtige leser in staat stel om die kwessie wat Petrus in I Petrus 3:1-7 aanraak, raak te sien. In Hoofstuk 3:1 sê Petrus dat hy na mans wat "aan die Woord ongehoorsaam is" verwys. Met ander woorde, Petrus praat oor wat behoort te gebeur wanneer 'n vrou wat 'n Christen is, getroud is met 'n man wat nie 'n gelowige is nie *(selfs al sou daar maar min wees)*.

'n Christenvrou sal baie probleme ondervind as sy met 'n man getroud is wat nie glo soos sy glo nie. Wat behoort onder hierdie omstandighede te gebeur? Moet sy haar man los? Petrus, net soos Paulus, sê dat Christenvroue hulle ongelowige mans nie moet los nie *(sien I Kor. 7:12–16)*. In plaas daarvan, sê Petrus, moet vroue voorbeeldig saam met hulle ongelowige mans leef.

Die rol van vroue in die eerste eeu nC. gedurende die Romeinse heerskappy, was deur die plaaslike gemeenskap bepaal. Romeinse vroue, byvoorbeeld, het meer regte gehad wat eiendomsreg en wetlike vergoeding betref, as die vroue aan wie Petrus geskryf het. Maar in party eerste-eeuse gemeenskappe was vroue uitgesluit van deelname in politiek, regeringsake en leierskap in verskeie van die godsdienste. Petrus dring by Christenvroue aan om standaarde te kies wat respek sal afdwing in die konteks vanwaar hulle hulle bevind. Hy dring aan op reinheid en godvresende wandel *(I Pet. 3:2)*. Hy skryf dat 'n Christenvrou meer op haar innerlike skoonheid moet ag gee as op haar uiterlike vertoon van modieuse haarstyle, juwele en duur klere *(I Pet. 3:3–5)*. 'n Christenvrou se gedrag sal haar Christenskap aanbeveel vir dié een met wie sy intiem saamlewe, naamlik haar man.

Petrus se woorde behoort nie deur getroude manne as 'n lisensie gesien te word om hulle vroue op enige wyse te mishandel nie. Soos wat hy aandui, moet manne hulle vroue eer *(I Pet. 3:7)*. Terwyl Petrus 'n spesifieke kwessie aanspreek - Christenvroue wat met ongelowiges getroud is - kry ons 'n blik op die ideaal vir Christenhuwelike: Christenpaartjies behoort mekaar te ondersteun en hulle lewens met deursigtige integriteit te lewe om God sodoende deur hulle elke dag se aktiwiteite, te aanbid.

Woensdag

19 April

Sosiale verhoudings

Lees Romeine 13:1–7; Efésiërs 5:22—33; I Korinthiërs 7:12–16; en Galásiërs 3:27, 28. Hoe vergelyk dit wat Paulus sê met wat Petrus sê in I Petrus 2:11—3:7?

Paulus spreek party van die kwessies wat in I Petrus 2:11—3:7 genoem word, in verskeie van sy geskrifte aan. Wat hy sê, stem merkwaardig ooreen met wat in I Petrus gevind word, byvoorbeeld, soos Petrus, dring Paulus daarop aan dat sy lesers hulle moet onderwerp aan die "magte wat oor [hulle] gestel is" *(Rom. 13:1)*. Heersers word deur God aangestel en is 'n voorwerp van vrees by slegte dade, nie goeie dade nie *(Rom. 13:3)*. Daarom "betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom" (Rom. 13:7).

Paulus beklemtoon ook dat vroue wie met ongelowige mans getroud is, voorbeeldige lewens moet lewe, sodat hulle mans dalk daardeur gered sal word *(I Kor. 7:12–16)*. Paulus se model van die Christenhuwelik is ook een van wederkerige samewerking. Manne behoort hulle vroue lief te hê soos Christus die gemeente liefgehad het *(Efés. 5:25)*. Verder beveel hy aan dat slawe hulle aardse gesagvoerders moet gehoorsaam soos aan Christus *(Efés. 6:5)*.

Paulus was dus gewillig om binne wetlike bepaalde kulturele grense saam te werk. Hy het verstaan wat in sy kultuur verander kon word en wat nie. Tog het hy ook iets in die Christendom gesien wat kon bydra tot transformasie, die manier hoe gemeenskappe oor mense dink. Net soos Jesus nie in enige politiese revolusie belanggestel het om die sosiale toestande te verander nie, het ook Petrus en Paulus nie daarin belanggestel nie. Verandering kan liewer plaasvind deur die opbouende invloed van heilige mense in gemeenskappe.

Lees Galásiërs 3:27–29. Alhoewel dit duidelik 'n teologiese verklaring is, watter kragtige sosiale implikasies kan hierdie teksvers op Christene se verhoudings met mekaar hê deur wat Jesus vir hulle gedoen het?

Donderdag *20 April*

Die Christendom en sosiale toestande

Ten spyte daarvan dat menslike organisasies en regerings dikwels onbetroubaar is en partykeer moedswillig fouteer, en ten spyte van hulle slegte ondervindinge met regerings- en godsdienstige leiers, het beide Paulus en Petrus die vroeë Christene aangemoedig om onderdanig aan menslike owerhede te wees *(I Pet. 2:13–17, Rom. 13:1–10)*. Christene, sê hulle, behoort belasting te betaal en verpligte arbeidsverantwoordelikhede na te kom. So ver as dit moontlik is, behoort Christene modelburgers van hulle land te wees.

Lees Handelinge 5:27–32. Wat is die verwantskap tussen die gehoorsaamheid aan owerhede waarna Petrus verwys *(I Pet. 2:13–17)*, en hoe hy en die ander apostels opgetree het in die insident in Handelinge 5?

_____

_____

Die sukses van die vroeë Christenkerk het tot die arrestasies van Petrus en Johannes gelei *(Hand. 4:1–4)*. Hulle was deur die owersters, ouderlinge en skrifgeleerdes ondervra wat hulle toe met 'n streng waarskuwing laat gaan het en beveel het dat hulle nie weer moet preek nie *(Hand. 4:5–23)*. Kort daarna was hulle weer gearresteer en gevra hoekom hulle nie gedoen het wat die owerhede hulle beveel het nie *(Hand. 5:28)*. Petrus het geantwoord, "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense" *(Hand. 5:29)*.

Wat is die kernwaarheid wat ons uit hierdie woorde moet leer?

_____

Petrus was nie 'n huigelaar deur een ding te sê en 'n ander ding te doen nie. Toe hy 'n keuse moes maak om eerder God te volg as die mense, was die keuse duidelik. Tot op hierdie punt moet Christene onderdanig en gehoorsaam wees aan owerhede, selfs al werk die owerhede ook om toestande van sosiale verandering mee te bring. As morele kwessies op die spel is, was Christene al in die verlede, en moet hulle nog betrokke wees om wetlik die tipe sosiale veranderinge te help meebring wat die waardes en leer van Jesus sal weerspieël. Hoe dit gedoen behoort te word, hang af van baie faktore, maar om 'n lojale en getroue burger te wees, beteken nie dat 'n Christen vanselfsprekend nie kan of nie behoort te help om die gemeenskap te verbeter nie.

Lees Levítikus 19:18 en Matthéüs 22:39. Hoe kan die gebod om jou naaste lief te hê soos jouself die nodigheid om vir verandering te werk, insluit, wanneer daardie verandering die lewe beslis beter en aangenamer vir jou naaste kan maak?

_____

Vrydag

21 April

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, *"Die Naderende Botsing,"* bl. 553–563; *"Die Skrifte 'n Bron van Veiligheid,"* bl. 564–572; en *"Die Tyd van Benoudheid,"* bl. 582–602 in *Die Groot Stryd*. Ellen G. White het aanbeveel dat Sewendedag-Adventiste goeie burgers moet wees en die wet van die land moet gehoorsaam. Sy het selfs aan mense gesê om nie openlik en opvallend aan plaaslike Sondagwette ongehoorsaam te wees nie; dit wil sê, alhoewel hulle die sewendedag Sabbat heilig moet hou, soos God beveel het, hulle nie moedswillig wette wat Sondagarbeid verbied, moet oortree nie. In een geval in besonder, egter, het sy duidelik aangedui dat Adventiste nie hierdie wet moet gehoorsaam nie. Indien 'n slaaf gevlug het, het die wet vereis dat die slaaf aan sy eienaar terugbesorg moes word. Sy het teen daardie wet uitgevaar en aan Adventiste gesê om, afgesien van die gevolge, nie te gehoorsaam nie: "Wanneer die wette van mense bots met die Woord en wet van God, moet ons aan God gehoorsaam wees, wat ook al die gevolg mag wees. Die wet van die land wat vereis dat 'n slaaf aan sy eienaar terugbesorg moet word, moet ons nie gehoorsaam nie, en moet ons die gevolge dra van die oortreding van hierdie wet. Die slaaf is nie die besitting van die man nie. God is sy regte eienaar, en die mens het geen reg om God se skepping in sy eie hande te neem en dit toe te eien as ons s'n nie." — *Testimonies for the Church,* vol. 1, bl. 201-202 *(vrye vertaling)*.

Vrae vir Bespreking:

1. In die klas bespreek jou antwoord op die vraag aan die einde van Maandag se studie: Moet Christene nooit opstaan vir hulle regte nie? Terwyl jy dit doen, oorweeg ook hierdie vraag: Wat presies is jou regte?

2. Watter voorbeelde is daar waar Christene se invloed op gemeenskappe 'n kragtige uitwerking op daardie gemeenskappe ten goede gehad het? Watter lesse kan ons uit daardie voorbeelde leer?

3. Watter voorbeelde is daar waar Christene, in plaas van om die gemeenskap se probleme te probeer verander, toegestem het tot daardie probleem en selfs gehelp het om dit goed te praat? Watter lesse kan ons uit daardie verhale leer?

4. In I Petrus 2:17 lees ons, "julle moet ... die koning eer". Die koning gedurende daardie tyd was Nero, een van die meer korrupte en gemene eisers uit wat alreeds 'n korrupte en gemene reeks van keisers was. Watter boodskap gee dit aan ons vandag? Hoe kan wat Petrus aan die begin van hierdie vers geskryf het, "julle moet almal eer," ons help om beter te verstaan wat hy gesê het?

5. Lees I Petrus 2:21-25 in die klas. Hoe word die evangelieboodskap in hierdie verse opgesom? Watter hoop gee dit vir ons? Wat vra hulle ons om te doen? Hoe goed verstaan ons wat hier aan ons gesê word?

Notas